



TOESPRAAK BY DIE AFSKOP VAN DIE AFRIKAANS 100-VELD TOG

Theuns Eloff en Michael Jonas

8 Mei 2023, Pretoria

TE: Reeds in 2019 het Chris de Bruyn, die direkteur van Artema by die NWU, die saadjie geplant dat Afrikaans in 2025 as amptelike taal 'n hele honderd jaar oud gaan wees, en dat dit darem vieringswaardig is.

Toe kom die pandemie en verwoes enige saamkom en saamdink daarvoor. Eers in 2021 begin 'n klompie van ons weer daaraan dink en werk. Uiteindelik is, op uitnodiging van die Afrikaanse Taalraad en Afrikaanse Taalmuseum en -monument, groter vergaderings teen die einde van 2022 gehou waar ons breed gekonsulteer het. Daar was, soos verwag kan word, geen beginselbesware teen so 'n viering nie, net vrae oor hoe dit gedoen kan en moet word. Uiteindelik is 'n sogenaamde "oorsigkomitee" en werkskomitees vir die verskillende sektore vroeg in 2023 saamgestel en is 'n hele klomp werk gedoen – sodat ons vandag die veldtog om Afrikaans se 100ste verjaardag as amptelike taal te vier, kan afskop – twee jaar voordat die afsluitingsgeleentheid op 8 Mei 2025, heel gepas, by die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in die Paarl gaan plaasvind.

Die oorsigkomitee bestaan uit tien diverse Afrikaanssprekers uit verskillende organisasies en dissiplines. Die name is nou op die skerm.

Voordat ons verder gaan, gee ek oor aan Michael Jonas, direkteur van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument om iets oor die "komvandaan" van Afrikaans te sê.

MJ: As dit by die biografie/oorsprong van Afrikaans kom is daar uitlopende en dikwels strydige menings en teorieë. Joan Hambidge skryf in haar Rapport-resensie, 6 Oktober 2019, oor Deel 2 van *Die Storie van Afrikaans*, ek haal aan: "Afrikaans (het) letterlik beweeg van 'n kombuistaal tot



Bybeltaal tot taal van onderdrukker tot taal van bevryding tot taal wat dalk uitsterf of verdwyn.”

Dit som vir my die komvandaan van Afrikaans op.

Die oorsprong van Afrikaans lê oor drie kontinente versprei, naamlik Europa, die Ooste en Afrika. Bydraes tot die unieke ontstaansgeskiedenis van die relatief jong Afrika-taal, strek terug tot 1595 vanweë kommunikasie en kontak tussen plaaslike inwoners, seevaders en slawe uit die Ooste, tesame met taalbeïnvloeding, -kontak en -versteuring. Dit, volgens die taalkundige, wyle Christo van Rensburg, kan beskou word as die eerste periode in die geskiedenis van Afrikaans. Afrikaans het as kontaktaal aan die suidpunt van Afrika ontwikkel uit die kontak tussen 16de- en [17de eeuse](#) Nuwe Nederlands, [Khoi](#), [San](#), [Maleis](#), [Portugees](#), [Frans](#), [Duits](#), [Engels](#) en verskeie [Nguni](#)- en [Sothotale](#). Hierna volg die eerste voorbeelde van geskrewe Afrikaans in die vorm van Arabiese-Afrikaans, die Sigting van die Genootskap van Regte Afrikaners, die Eerste en Tweede Bewegings, pogings in standaardisering van Afrikaans in vorm van die Spelreëls, en later die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS).

8 Mei 1925 sal egter onthou en herdenk word as een van die mylpale in die geskiedenis van die relatiewe jong Afrika-taal. Die Wet op Amptelike Tale van Suid-Afrika, Wet 8 van 1925, is in die destydse volksraad aavaar. Hiervolgens is Afrikaans, naas Engels, as amptelike taal van Suid-Afrika erken. Afrikaans het Nederlands dus as amptelike taal vervang. In die 1996-grondwet word Afrikaans as een van 11 amptelike tale behou.

Vandag word Afrikaans deur ongeveer 7,4 miljoen sprekers (12,2%), naas Zoeloe (25.3%) en Xhosa (14.8%), die meeste in die land gepraat. Die taalkundige, wyle prof. Johan Combrink, het in 1991 beweer Afrikaans is die mees gekodifiseerde taal in Suid-Afrika – die taal wat die beste opgeteken en gestandaardiseer is in grammatika- en woordeboeke.

TE: Juis omdat daar soveel verskillende sienings oor Afrikaans bestaan, het die Oorsigkomitee besluit om 'n manifes vir die veldtog op te stel. Dit is deur die deelnemende organisasies aanvaar



en verskyn nou op die skerm en was ook by die deure beskikbaar. Die hoofelemente van die veldtog is:

- Dankbaarheid en vreugde
- Deur 'n wye en verskeidenheid van mense en groepe wat lief is vir Afrikaans
- Die diversiteit van Afrikaans, en daarom die inklusiwiteit en vriendelikheid daarvan
- Toekomsgerigtheid en die konstruktiewe bydraes tot die Suid-Afrikaanse gemeenskap
- 'n Gekoördineerde poging om honderd jaar met positiewe sentimente te vier en die waarde van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse gemeenskap ten toon te stel
- Die viering op talle gebiede en deur alle organisasies
- Toegang tot 'n eenvormige, positiewe feesveldtog en -identiteit in die vorm van 'n logo wat saam met die instansie se eie korporatiewe identiteit gebruik kan word.

Hierdie manifes verteenwoordig die raamwerk waarbinne die feesveldtog gehou gaan word. Indien enige gemeenskap, organisasie of persoon daarmee saamstem, dit teken en terug e-pos, sal só 'n organisasie die amptelike logo van die Afrikaans 100-veldtog kan gebruik, onder andere om plaaslik fondse te werf.

MJ: Ons verstaan natuurlik dat belanghebbende instellings binne 'n raamwerk elk op sy unieke wyse en op 'n verskeidenheid van gebiede die 100 jaar vier. Tydens hierdie feesveldtog sal ons graag wil sien dat Afrikaans se bydraes op talle gebiede gevier word, soos die kunste, literatuur, drama, poësie, onderwys, musiek (lig en klassiek), akademiese navorsing en woordeboeke (om maar 'n paar te noem). Deelnemende instellings sal die geleentheid hê om self aan te dui op watter van hierdie gebiede hulle betrokke wil wees, deur projekte wat hulle reeds jaarliks aanpak, bloot te belym met die Afrikaans 100-veldtog.



Die 100-jaar vieringe bied die Afrikaanse gemeenskap die geleentheid om die fokus te plaas op die gedeelde ontstaansgeskiedenis van Afrikaans en erkenning te gee aan die ontwikkeling van Afrikaans op 'n holistiese vlak as spreektaal. Voorts kan die vieringe ook moontlik dien as ruimtes waarbinne Afrikaanse diversiteit, haar gedaantes en tongvalle omarm word. Laastens kan dit 'n blywende nalatenskap skep waardeur Afrikaans bevorder en uitgebou word binne 'n toekomstige veeltallige en multikulturele konteks.

Die vieringe bied ook die geleentheid om persepsies uit te daag soos: Hoort Afrikaans in Afrika? Kan Afrikaans as inheemse taal beskou word? Is Afrikaans 'n 'witmanstaal' of 'apartheidstaal'? Lê die voorbestaan van die taal nog in gepraat en vier op verhoë, flieks, boeke, internet? Is die grootste bedreiging vir Afrikaans haar sprekers? Is die Afrikaanse landskap meer verdeeld as ooit tevore? Hoe word gemeenskaplike samehörigheid, versoening en begrip gekweek onder sprekers van dié inheemse taal wat oor die grootste rassediversiteit van tale in Suid-Afrika beskik? Is daar 'n toekoms vir leerders en studente wat in Afrikaans wil studeer?

TE: Ten slotte: Ons weet almal dat ons geliefde land tans deur 'n baie moeilike tyd gaan. Ons sien die veldtog om Afrikaans se eeufees te vier, as 'n stukkie goeie en positiewe nuus – iets om oor dankbaar te wees en iets om te vier. En ook iets wat ons met ander sprekers van inheemse tale kan deel.

Die logo wat julle op die stukke en die skerm gesien het, is die amptelike en aanvaarde logo van die Afrikaans 100-veldtog. Dit weerspieël die diversiteit, kreatiwiteit en kleurrykheid van Afrikaans. Ons sal binnekort ook die slagspreuk van die Afrikaans 100-veldtog bekendmaak.

Ons doen dus 'n beroep op alle Afrikaanssprekendes, maar by hierdie geleentheid veral op die media, om ons te help om die Afrikaans 100-veldtog op 'n konstruktiewe en positiewe gees af te skop. Ons dink dat vandag se afskop genoeg tyd laat vir alle Afrikaanse organisasies om wonderlike projekte en inisiatiewe te beplan en dit vanaf middel 2024 te laat gebeur. Ons gaan



binne die volgende twee maande 'n nasionale koördineerder en media-skakelpersoon aanstel. Die oorsigkomitee sal mettertyd nog aankondigings maak oor wat in die ses maande voor 8 Mei 2025 gaan gebeur en hoedat alle paaie na die Paarl toe gaan lei. Ons sal almal saam wil sing: “Pollie ons gaan Paarl toe!”

Baie dankie!

Nota: Die Afrikaans 100-handelsmerk op hierdie briefhoof mag deur die media gebruik word in beriggewing, maar mag nie deur instansies gebruik word op hul eie Afrikaans 100-inisiatiewe alvorens die manifes onderteken en teruggestuur is nie.